

# dk (kuns)

# kknk

Alles van bloedlyne, kunshuiskies tot vlæg

Van die 20 beeldende kunstoonstallings op vanjaar se Klein Karoo Nasionale Kunstefees sal *Bloedlyn* op die hoofees en De Kat se *Oos, Wes, Tuis Bes* op die rimpelfees waarskynlik dié twee projekte wees wat wys hoe die land se jong kunstenaars toenemend met 'n nuwe energie en kreatiwiteit hul stempel in 'n post-apartheid Suid-Afrika afdruk.

Onder:  
Uit Lien  
Botha se  
Bloedlyn

Lien Botha, 1997 se Jong Kunstenaar by die Grahamstadse Kunstefees, is die kurator van *Bloedlyn*, 'n projek waarin tien beeldende kunstenaars en tien skrywers in dialoog met mekaar tree.

"Bloed as woord of beeld, en lyn as woord of beeld: bloedlyn is die kode of vertrekpunt en kan op enige wyse deur die deelnemers vertolk word," vertel Botha. "Dis soos om te soek na 'n kode wat vir ons iets omtrent onself sal blootlê... 'n miniskule openbarinkie... die bloedmonster waarin 'n ganse lewe opgesluit lê." Die kunstenaars wat met mekaar saamwerk, is: Bongzi Bengu en Vincent Oliphant; Mark Coetzee en Karin Cronjé; Thembinkosi Goniwe en Vernie Plaatjies; Dorothee Kreutzfeldt en Herman Lategan; Fritha Langerman en Lettie Villjoen; Veronique Malherbe en Charles J. Fourie; Selwin Pekeur en Welma Odendaal; Andrew Porter en Elias P. Nel; Lucy Pooler

en Ashraf Jamal; Bernadette Searle en Anoeschka von Meck.


Vanjaar se genooidde kunstenaar is Willie Bester, wat met sy "struggle-kuns", veral collages en installasies uit gevonde voorwerpe, plaaslike en internasionale roem verwerf het. Bester wys sy werk saam met Louis Jansen van Vuuren, Jan Vermeiren, Hardy Botha en Eric Laubscher. Die tentoonstelling heet *Klimaktorium (oorgangsjare)*.

'n Keur uit die werk in die omvattende Sasol-versameling is ook op die hoofees te sien. Daar is twee buiteluginstallasies, een deur Strijdom van der Merwe. Sy werk heet *Pole* en is 'n groot vlaginstallasie buite die dorp. "My eierpaleis" is deur die Suid-Afrikaans gebore Hennie Boshoff op die been gebring met Fosit Forsythe, Rossetta Woolf en Pedro Soler as deelnemers.

'n Belangrike keramiekuitstalling, saamgestel deur die Kapenaar Peter Visser, spog met werk deur Rodney Blumenfeld, Lovell Friedman, Barbara Jackson, Hylton Nel, Thijs Nel, Bonnie Ntshalinshali en Clementina van der Walt.

Piet Grobler van Stellenbosch en Dale Elliott van Knysna se werk is ook op die hoofees te sien. Buiten De Kat se *Oos, Wes, Tuis Bes*-uitstalling, is daar 11 ander tentoonstellings op die rimpelfees. Kunstenaars wie se werk te sien is, sluit in Johan Coetzee en Theo Vorster, Braam van Wyk en Wim de V. van Wyk, Anton Brink, Jan Visser, Marius Lourens, Suretha Bosman en Maletta Fourie.

deur cobus van bosch



Een van Da Vinci se ingenieursontwerpe

Hierdie manjifieke tentoonstelling word vandeemaand tot einde Augustus in die Pretoria-kunsmuseum gewys. Die tentoonstelling, wat teen miljoene gewaardeer word, bestaan uit 230 komponente uit die wêreld se voorste museums en kunsinrigtings, waaronder 28 oorspronklike kunswerke van 500 jaar oud — almal onkoopbaar waardevol. Dit sluit in skilderye en beelde deur Da Vinci, Raphael en ander beroemde Renaissance-meesters. Maar wat ook veral aandag trek is modelle gegrond op Da Vinci se beroemde futuristiese ingenieursontwerpe vir vliegmasjiene, tenks en valskerms.

Die Pretoria Kunsmuseum is van Dinsdag tot Sondag oop tussen 9 vm. en 6 nm. en op Woensdae spesiaal later tot 8 nm.

Bel (012)344-1807/8 vir inligting.



1492

Leonardo Da Vinci

deur melvyn minnaar